

## **MANDAAT VAN DIE NWU SE ONAFHANKLIKE ONDERSOEKTAAKSPAN**

1. Deeglik ondersoek instel na die kulturele/induksie-/oriënterings-/ontgroenings- en ander afbrekende praktyke, “met inbegrip van dade van fascisme en nazisme wat skynbaar by die instansie voorkom”.
2. Bepaal of hierdie praktyke inderdaad “met die stilswyende goedkeuring van die universiteitsbestuur” voorkom.
3. Bepaal die vlak van wanpraktyke (ontgroening) teen eerstejaarstudente en bepaal die doeltreffendheid van meganismes wat in plek gestel is om dit te voorkom.
4. Evalueer die onderskeie ontvangs- en bekendstellingsprogramme op al die kampusse en doen ’n normeringsoefening om nasionale en internasionale beste praktyk te bepaal, met aanbevelings oor moontlike herstrukturering of afskaffing.
5. Bepaal die studentegemeenskap se vlak van begrip vir fundamentele menseregte.
6. Bepaal die begrip en belangrikheid van tradisies in die studentegemeenskap en evalueer die inhoud van die huidige tradisies en die volhoubaarheid daarvan.
7. Evalueer die institusionele en koshuiskultuur om te bepaal of dit oop en verwelkomend is.
8. Oorweeg die bevindinge van die komitee wat deur die Potchefstroomkampus aangestel is om ’n interne kampusondersoek te loods.
9. Bepaal, soos gestel in die Minister se brief, of daar ’n “kultuur van intimidasie, teistering, vrees en suiwering” by die universiteit bestaan teen personeel en studente wat poog om standpunt in te neem teen sodanige praktyke.